

# KONINKRYK. SUPPLEMENT 5

## [DIE GELYKENISSE VAN JESUS]

### 1. DIE KINDERS WAT OP DIE MARKPLEINE VIR MEKAAR SIT EN ROEP, 2. DIE TEKENS VAN DIE WEER en 3. DIE TREKNET

“Die gelykenis van die kinders wat op die markpleine vir mekaar sit en roep” in Matteus 11:16-19,  
“de gelykenis oor die tekens van die weer” in Matteus 16:1-4  
en “die gelykenis van die treknet” in Matteus 13:47-50 is gelykenisse oor  
**DIE VERANTWOORDELIKHEID OM IN DIE KONINKRYK VAN GOD IN TE GAAN.**

#### A. DIE KINDERS WAT OP DIE MARKPLEINE VIR MEKAAR SIT EN ROEP

Lees Matteus 11:16-19 en Lukas 7:31-32.

##### 1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

**Inleiding.** Die gelykenis word in figuurlike taal vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

**Bespreek.** Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

**Aantekeninge.**

**Die markpleine.** Op dae wanneer daar geen mark gehou word nie, speel die klein kinders op die mark. Dit gebeur orals in die wêreld.

**Die speletjie en die rusie.** In die verhaal van die gelykenis probeer ’n groep kinders met mekaar saam te speel, maar sonder sukses. Daar is altyd kinders wat ’n voorstel ’n bepaalde speletjie te speel blokkeer! As iemand ’n voorstel maak om ’n vrolike speletjie te speel soos byvoorbeeld op ’n fluit speel en daarby dans, dan stem ’n ander groep kinders nie saam nie. As iemand anders ’n voorstel maak om ’n droewige speletjie te speel waarby kinders huil, dan stem weer ’n ander groep kinders nie saam nie. Geen voorstel is goed genoeg vir almal nie. Hulle hou aan om met mekaar rusie te maak. En hulle beskuldig mekaar van gebrek aan samewerking.

##### 2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

**Inleiding.** Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na die *aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf die *omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

**Ontdek en bespreek.** Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

**Aantekeninge.**

###### (1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus 11:7-15 of Lukas 7:24-30.

Jesus praat oor die belangrikheid en taak van Johannes die Doper. Mense het van heinde en ver gekom om na hom te luister en die gewone mense het hom met entoesiasme verwelkom. (Matteus 3:5-7). Hy het verkondig dat mense hul moes bekeer van hul slegte weë en hul opregtheid moes bewys deur goeie vrugte te dra. Baie mense het met hom saamgestem en het hulle aan die geregtigheid van God onderwerp. Hulle het hul instemming getoon deur hulle te bekeer en met die doop van Johannes met water te laat doop. Maar ’n groot aantal Fariseërs en skrifgeleerdes saam met hul volgelinge het hierdie plan van God verwerp, omdat hulle nie deur Johannes gedoop wou word nie (Lukas 7:29-30). Jesus vertelde hierdie gelykenis omdat mense so wispelturig en veranderlik is.

###### (2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 11:16-17 en Lukas 7:31-32.

###### (3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Matteus 11:18-19 en Lukas 7:33-35.

##### 3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

**Inleiding.** Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in ’n gelykenis noodsaaklik ’n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van ’n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van ’n gelykenis ’n geestelike betekenis toeskryf nie!

**Ontdek en bespreek.** Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

**Aantekeninge.** Jesus gee aan geen van die details enige besonder betekenis nie.

#### **4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.**

**Inleiding.** Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

**Bespreek.** Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

**Aantekeninge.**

**Die gelykenis van die kinders wat op die markplein vir mekaar sit en roep in Matteus 11:16-19 en Lukas 7:31-32 leer oor “die verantwoordelikheid om in te gaan in die koninkryk van God.”**

**Die boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “'n Mens moet ophou met kinderagtige gedrag en leer verantwoordelikheid vir sy eie woorde en dade te neem.”**

Terwyl Jesus mense aanspoor “om soos kinders te word” in Matteus 18:1-5, veroordeel Hy mense vir hul “kinderagtige gedrag” in Matteus 11:16-19. 'n Onverdraagsame houding en aanhoudende kritiek by die verwerping van die onderwysings van God (Jesus), is kinderagtig en verskriklik dwaas.

Die gewone mens (selfs slegte mens) het erken dat die weg van God (van vergewing vir mense wat hulle bekeer en in die Verlosser glo) die juiste was en het hulle daarom met die doop van Johannes met water laat doop. Maar die Joodse godsdienstige leiers het God se doel en plan met hul lewe (van verlossing deur bekering en geloof in Jesus Christus) verwerp en het hulle daarom nie met water laat doop nie (Lukas 7:29-30).

Persoonlike verantwoordelikheid is één van die fundamentele kenmerke van God se Koninkryk. Die ware burgers in God se Koninkryk het opgehou om hul kinderagtig te gedra en het persoonlike verantwoordelikheid geneem om hul te bekeer, in Jesus Christus te glo en God se Koninkryk in te gaan (sien Markus 1:15).

---

#### **5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.**

**Inleiding.** Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

**Lees.** 1 Korintiërs 3:1-4; Hebreërs 5:11 tot 6:3.

**Ontdek en bespreek.** Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

**Aantekeninge.** Beide Bybelgedeeltes praat oor die gevolge van onvolwasse gedrag. Kinderagtige gedrag word deur die volgende gekenmerk:

- rusie maak oor geloofsoortuigings wat gebaseer is op menslike menings en kerklike tradisies en nie op die gesonde leer van die Bybel nie
- opbreek in verskillende kerkgenootskappe in plaas van verenig te bly in die één Liggaam van Christus
- hul gedra as onveranderde mense in die wêreld
- afhanklik bly van geestelike leiers (voorgangers, dominees, pastore, ens.) vir hul geestelike voedsel in plaas van leen om hulself geestelik te voed
- geen onderskeid kan maak tussen reg en verkeerd, goed en sleg, waarheid en leuen.

In hierdie twee Bybelgedeeltes het gelowiges in Korinte en onder die Hebreëuse Christene nog nie verantwoordelikheid geneem vir hulle eie lewe, besluite, keuses, geestelike groei en gedrag nie!

---

#### **6. Maak 'n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.**

**Bespreek.** Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?

**Aantekeninge.**

##### **(1) Onverantwoordelike en inkonsekwente gedrag word veroordeel.**

Jesus het gesê dat sy kritici, die Fariseërs en skrifgeleerdes kinderagtig gebly het. Hulle het hul met beuselagtige (onbeduidende) dinge besig gehou en hulle onverantwoordelik en inkonsekwent gedra. Hulle kon nooit positief of tevrede oor iets wees nie. Eers was hulle entoesiasies oor Johannes die Doper en het geen beswaar teen sy sobere lewe en oproep tot bekering gehad nie.

Maar daarna het hulle omgeslaan en hom beskuldig dat hy ongenaakbaar was, dat sy boodskap te streng was en selfs dat hy deur 'n bose gees beset was. Hulle het beweer dat hy asosiaal was, maar tegelyk Jesus veroordeel dat Hy te sosiaal was, omdat hulle Hom as “'n vraat en 'n wynsuiper, 'n vriend van tollenaars en sondaars” beskou het (Lukas 7:33-34). Maar Jesus het gesê dat sulke onbillike en bitter kritiek en onverdraagsaamheid niks bereik nie, omdat uiteindelik God se waarheid sal seëvier!

## **(2) Wysheid kry deur dade.**

Matteus sê letterlik (in die Grieks): “God tree met wysheid op, en sy werke (Matteus 11:19) of sy kinders (Lukas 7:35) bewys dit. Hierdie uitdrukking beteken dieselfde: “Wysheid van handeling (‘haar dade’) word as juis bewys deur wat dit tot stand bring in die harte en lewens van mense (‘haar kinders’) wat hul deur hierdie wysheid laat lei.” Matteus benadruk “handeling wat wys is” en Lukas benadruk “mense wat hul deur wysheid laat lei”.

Matteus sê dat die wysheid van Johannes die Doper was dat hy bekering en die dra van vrugte wat by die bekering pas, geëis het (Matteus 3:2,8). En die wysheid van Jesus was dat Hy die hoop (verwagting) op verlossing aan almal aangebied het wat die evangelie hoor (Matteus 11:4-6). Die wysheid in hierdie handeling kan gesien word in die resultate wat hierdie handeling in die lewens van mense het. Die dade (take) van Johannes en Jesus was volkome geregverdig deur wat hulle in die harte en lewens van “al haar kinders”, d.w.s. van al die mense wat toelaat om deur hierdie wysheid gelei te word, teweeggebring het!

Omdat die Joodse godsdienstige leiers (die Fariseërs en skrifgeleerdes) rusie gemaak het oor die betekenis van die Joodse seremoniële wet (met die 613 toevoegings van die rabbi’s): die Sabbat, vas, besnydenis, publieke gebed, voedsel wette, tiendes, ens.) het hulle geen reaksie gegee op die prediking van Johannes die Doper en Jesus Christus oor bekering van sonde en oor verandering in hoe hulle lewe nie. Daarom het hulle nie in die Koninkryk van God ingegaan nie (hulle word nie gered nie).

Maar omdat die gewone mense as tollenaars en sondaars wel op die prediking van Johannes die Doper en van Jesus Christus gereageer het, het hulle in groot getalle in die Koninkryk van God ingegaan. (Lukas 7:29-30).

---

## **B. DIE TEKENS VAN DIE WEER**

Lees Matteus 16:1-4 en Lukas 12:54-56.

### **1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.**

*Bespreek.* Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

*Aantekeninge.* Die verhaal is baie algemeen. Orals het mense ’n mening oor die weer deur te kyk na die lug: sou dit vandag gaan reën of sou die son gaan skyn? In Israel kon die Fariseërs en skrifgeleerdes die weer taamlik goed voorspel. Hulle het geweet dat as die lug rooi is, dan kom daar mooi weer. En hulle het geweet dat as die lug dynserig rooi is, dan kom daar onweer. Hulle het geweet dat wanneer die lug helder rooi skyn in die laat middag, dat wolke na die Middellandse See in die weste beweeg en dat dit die volgende dag mooi weer sal wees. Hulle het ook geweet dat as die lug rooi is gemeng met donker wolke in die vroeë oggend, dat die wolke vanaf die Middellandse See na die binneland drywe en dit waarskynlik sou gaan reën.

---

### **2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.**

*Ontdek en bespreek.* Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

*Aantekeninge.*

#### **(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus 16:1.**

Die godsdienstige en politieke leiers in Israel was steeds meer gekant teen Jesus en sy taak. Jesus was besig om die evangelie te verkondig en mense te genees, nie alleen in Israel nie, maar ook in die aangrensende heidense gebiede soos Tirus en Sidon (Matteus 15:21-22). Die godsdienstige leiers het na Jesus gekom om op die proef te stel. Hulle doel was om Jesus in sy woorde te vang en so iets te hê om Hom te beskuldig en in die oë van die gewone mense ongeloofwaardig te maak. Hulle het waarskynlik oor sy wonderwerke en tekens gehoor, hoe Hy die hongerige skare mense met brood en vis gevoed het en hoe (Matteus 15:29-39).

**Hul vereiste dat Hy ’n teken uit die hemel gee.** Netsoos in Matteus 12:38 het hulle nie geglo nie geglo dat die wonderwerke van Jesus “tekens was dat Hy deur God gestuur is”. Hulle kon nie sy wonderwerke ontken nie, maar het hard geprobeer om hulself te oortuig dat dit ’n soort van swart magie was, dat Jesus hierdie tekens in die krag van die Satan gedoen het. Hulle het hierdie wonderwerke van Jesus alleen beskou as “tekens op die aarde”. Wat hulle wou sien was “’n teken uit die hemel”! As voorbeelde van sulke “tekens uit die hemel”, kon hulle dink aan:

- die manna wat Moses in hul oë uit die hemel laat neerdaal het (Johannes 6:30-32)
- of die son en die maan wat op die gebed van Josua stilgestaan het (Josua 10:12-14)
- of die sterre wat vir Israel geveg het in die dae van Debora en Barak (Rigters 5:20)
- of die groot donderbui wat die Filistyne in paniek gebring het in die dae van Samuel (1 Samuel 7:10)
- of die vuur wat uit die hemel neergedaal het en die offer saam met die hout en die water en die klippe verteer het in die dae van Elia (1 Konings 18:30-40).

In die oë van hierdie vyande het Jesus nog nooit so “’n teken uit die hemel” laat sien nie.

#### **(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 16:2-3.**

#### **(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Matteus 16:3-4.**

**Die tekens van die tye.** Jesus wys hulle toe daarop dat hulle baie meer op “die tekens van die weer” (die veranderlike toestande van die weer) let dan op “die tekens van die tye”. “Tye” word hier nie gebruik in die sin van tyd in die verlede, hede of toekoms nie, maar in die sin van die begin van ’n nuwe era in die geskiedenis wat onderskei word deur spesiale gebeurtenisse! Die leiers in Israel het onbelangrike sake baie belangrik gemaak en belangrike sake as onbelangrik beskou. Hulle kon jou alles vertel oor die onbelangrike tekens van die weer, maar het niks verstaan van die kritieke tye nie! Die tekens van die tye is spesiale gebeurtenisse wat die begin van ’n nuwe era in die heilsgeskiedenis van God met die mensheid aandui! Die tekens van die tye is:

- Die Ou-Testamenties “periode van skaduwees” in die Wet en die Profete is deur die Nuwe-Testamentiese “periode van werklikhede” vervul (Kolossense 2:16-17)
- “Die Messiaanse profesieë” in die Ou Testament is deur “die koms van die langverwagte Messias” (Jesus Christus) in die Nuwe Testament vervul.
- “Die Messiaanse Era” begin met “die tye van verkwikking” met die eerste koms van Jesus Christus en hou aan tot “die tye waarin God alles nuut maak” (Grieks: achri chronón apokatastaseós pantón) met die wederkoms van Jesus Christus (Handelinge 3:19-21)!
- “Die onnosele reëls van die Wet” soos uitgelê deur die Joodse godsdienstige leiers is vervang deur “die waarheid van die openbaring en die krag van die genade” (Johannes 1:17).

Die tekens van die tye bestaan dus uit Jesus Christus Self wat gekom het met liefde, genade en waarheid om verlore mense te soek en te red. Met krag het Hy allerlei wondertekens verrig. Die godsdienstige leiers in Israel het nie “die handskrif teen die muur” herken nie (sien Daniël 5:5,24-28). Hulle het nie verstaan dat die dae van rusie maak oor die betekenis van mensgemaakte en dikwels onbeduidende reëls (die seremoniële wette soos uitgelê deur die Joodse godsdienstige leiers) verby was en dat die tyd aangebreek het waarin die evangelie oor die hele aarde versprei sou word (Jesaja 11:9; Jeremia 31:34)!

**Die teken van Jona.** Die enige teken wat Jesus aan die volk van Israel gegee het, was “die teken van Jona”. Matteus 12:38-42 lê hierdie teken uit. “Soos Jona drie dae en drie nagte in die maag van ’n groot vis was, so sal die seun van die mens drie dae en drie nagte binne-in (letterlik: die hart van) die aarde wees.” Die Joodse en Romeinse owerhede sou Jesus kruisig, maar *op die derde dag* sou Hy tot verbystering van alle owerhede en almal wat hulle volg uit die dood opstaan! Die enige teken wat Jesus aan die volk van Israel gegee het, is die feit van sy dood en sy opstanding!

Die Bybel openbaar nie hoe ons hierdie *drie dae en drie nagte* moet bereken nie. Sommige Christene in navolging van die letterlikheid van die Jode probeer hieruit te bewys dat Jesus Christus drie dae van 24 uur dood was en dat Hy dus op *Donderdag* en nie op *Vrydag* gekruisig is nie. Maar hierdie teorie is verkeerd.

- Eerstens leer die Bybel baie duidelik dat Jesus nie op Donderdag nie, maar op Vrydag gekruisig is en in die middag gesterf het en dat hy op Sondag oggend baie vroeg uit die dood opgestaan het. Die Griekse woord “paraskeuê”, beteken “die voorbereiding” vir die Sabbat (op Vrydag) vóór die Joodse Sabbat (op Saterdag).
- Tweedens sou “drie hele dae” beteken dat Jesus eers op *Sondag middag* uit die dood sou opstaan. Jesus Christus het egter op Sondag oggend vroeg uit die dood opgestaan.
- Derdens kan die woorde “drie dae, nag en dag” in Ester 4:16 en “op die derde dag” in Ester 5:1 nie drie hele dae van 24 uur beteken nie. Die uitdrukking: “’n dag en ’n nag” is ’n tydseenheid wat ’n deel van die dag of ’n deel van die nag kan beteken. Die Jode het ’n deel van ’n dag of ’n deel van ’n nag gereken as ’n hele dag of nag. Gevolgtrekking: In ooreenstemming van die Joodse gebruik van uitdrukkings, beteken dit dat Jesus Christus begrawe was vir ’n deel van die eerste dag (Vrydag), die hele tweede dag (Saterdag) en vir ’n deel van die derde dag (Sondag). *Later* het Jesus by herhaling geprofeteer dat Hy “op die derde dag” uit die dood sou opstaan (Matteus 16:21; 17:22-23; 20:18-19)!

---

### **3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.**

**Ontdek en bespreek.** Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

**Aantekeninge.** Die verhaal is alleen ’n inleiding tot die toepassing wat eintlik die enige essensiële of relevante detail in die gelykenis is (Matteus 16:4).

---

### **4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.**

**Bespreek.** Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

**Aantekeninge.**

**Die gelykenis van die tekens van die weer” in Matteus 16:1-4 is oor “die verantwoordelikheid om in te gaan in die Koninkryk van God.”**

**Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “’n Mens moet ophou alleen maar te let op die tekens van die weer en moet gaan let op die tekens van die tye wat die begin van ’n nuwe era in die heilsgeskiedenis van God met die mensheid aandui! Hierdie tekens is: die (eerste) koms van Jesus Christus waarin Hy die Ou-Testamentiese profesieë vervul het, die werklikhede gebring het waarna die skaduwees in die Ou Testament gewys het en op die derde dag uit die dood opgestaan het. Met hierdie tekens van die tye het Jesus**

**Christus die Nuwe-Testamentiese periode ingelui.” Die groot gebeurtenisse rondom Jesus, veral sy dood en opstanding, is sulke groot en belangrike tekens dat mense daarop moet let en daarop moet reageer!**

Persoonlike verantwoordelikheid is één van die fundamentele kenmerke van die Koninkryk van God. Die ware burgers van die koninkryk van God het opgehou om alleen maar te let op onbelangrike tekens; oorloë, hongersnood, aardbewings, vervolgings, haat van die volke, afval van die geloof, baie valse profete/godsdienste, toename van die kriminaliteit, die verkoeling van die liefde en die verkondiging van die evangelie van die koningskap van Christus aan alle volke (Matteus 24:3-14). Inteendeel let hulle op die belangrikste tekens in die wêreldgeskiedenis; die eerste koms van Jesus Christus waarin hy die profesieë vervul en die werklikhede gebring het waarop die skaduwees gedui het en sy dood en opstanding op die derde dag as bewys dat God sy soenoffer aan die kruis aangeneem het – kortom: die voltooiing van sy verlossingswerk in ons plek.

---

### **5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.**

*Ontdek en bespreek.* Hoe kan ons wat die volgende Bybelgedeeltes leer vergelyk met hierdie gelykenis leer?

#### **(1) Kyk na die God van die lewende patriarge.**

*Lees* Matteus 22:23-33. Die Sadduseërs het nie in die opstanding uit die dood geglo nie. Daarom het hulle ook die voorspelling van Jesus Christus dat Hy op die derde dag uit die dood sou opstaan ook verwerp. Maar in Matteus 22 bewys Jesus Christus op ’n ander manier dat die opstanding uit die dood beslis gaan plaasvind. Alhoewel Abraham, Isak en Jakob al baie jare dood is, noem God Homself nog steeds “die God van Abraham, Isak en Jakob”. En omdat God “die God van die lewendes en nie van die dooies” is nie, bewys dit dat nie alleen *die geeste (siele)* van gestorwe Abraham, Isak en Jakob in die teenwoordigheid van God lewe nie, maar dat ook hul gestorwe *liggame* in die toekoms uit die dood op sal staan!

#### **(2) Kyk na die Messias in die Skrifte.**

*Lees* Johannes 5:39-47. Die Jode ondersoek die Ou-Testamentiese Skrifte, omdat hulle dink dat hulle daardeur die ewige lewe kry. Maar nie die ondersoek van die Skrifte nie, maar juis die gehoorsaamheid aan die Skrifte sal tot die ewige lewe lei. Die Skrifte praat oor Jesus Christus en om na Hom toe te kom om die ewige lewe te ontvang. Op de laaste oordeelsdag sal Moses en die ander profete die Jode aankla dat hulle die Skrifte nie regtig geglo het nie en ook nie gehoorsaam het nie!

---

### **6. Maak ’n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.**

*Bespreek.* Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te weet, te glo, te wees en te doen?

*Aantekeninge.* Die dood en opstanding van Jesus Christus is die grootste en belangrikste gebeurtenis in die menslike geskiedenis! Hierdie één gebeurtenis verdeel die menslike geskiedenis in twee: dit beëindig die Ou-Testamentiese periode en begin die Nuwe-Testamentiese periode. Hierdie gebeurtenis het Jesus as enige teken gegee aan die Jode wat sy dood beraam het en nie in die opstanding geglo het nie!

---

## **C. DIE TREKNET**

*Lees* Matteus 13:47-50.

### **1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.**

*Bespreek.* Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

*Aantekeninge.* Die verhaal is orals waar mense visvang bekend. ’n Visnet vang meesal tegelyk goeie en slegte visse. Maar as die net op die strand getrek word, word die slegte visse van die goeie visse geskei.

---

### **2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.**

*Ontdek en bespreek.* Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

*Aantekeninge.*

#### **(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus 13:36-51.**

Die agtergrond is dieselfde as die gelykenis van die onkruid tussen die koring, die gelykenis van die skat in ’n saailand en die gelykenis van die baie waardevolle pèrel wat Jesus alleen aan sy dissipels en nie aan die groot skare vertel het nie.

#### **(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 13:47-48.**

#### **(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Matteus 13:49-50.**

Die gelykenis gaan oor die gemengde karakter van die Koninkryk van God in die huidige tyd. Die opregte Christene moet met die onopregte Christene saam lewe en werk tot op die laaste oordeelsdag. By die wederkoms van Christus sal

Christus sy engele uitstuur om die ongelowiges, die onregverdiges, die naam-Christene van die wedergebore Christene te skei. Die ongelowiges en onregverdiges sal in die hel gegooi word waar hulle gestraf sal word.

---

### **3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.**

*Ontdek en bespreek.* Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

*Aantekeninge.* Jesus gee geen detail van hierdie gelykenis 'n spesiale betekenis nie. “Die treknet” *wat die visse vang word nie verklaar nie*, maar is 'n beeld van die dissipels wat mense vang (Lukas 5:10). “Die skeiding van die slegte visse van die goeie visse op die land is 'n beeld van die laaste oordeel, soos Jesus dit ook in Matteus 13:50 uitlê.

---

### **4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.**

*Bespreek.* Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

*Aantekeninge.*

**Die gelykenis van die treknet in Matteus 13:47-50 is 'n gelykenis oor “twee soorte mense in God se Koninkryk” en ook oor “die verantwoordelikheid om in te gaan in God se Koninkryk.”**

**Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Elke mens moet goed besef dat die laaste oordeel onherroeplik beslissend is. Daar sal die goeie en slegte mense van mekaar geskei word.”**

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is verwant aan die gelykenis van die onkruid tussen die koring in Matteus 13:41-43. Daar lê die nadruk op geduld hê met betrekking tot die vermenging van ware Christene met naam-Christene binne God se Koninkryk in sy huidige fase tot die laaste oordeel. Hier lê die nadruk op die feit dat die skeiding tussen wedergebore Christene en naam-Christene absoluut seker en onherroepbaar beslissend is!

Jesus Christus leer sy dissipels om mense te waarsku teen die komende laaste oordeel. In die lig van die feit dat die laaste oordeel onomkeerbaar beslissend is, moet hulle mense op die hart druk hoe kosbaar die skat van die Koninkryk van God is en hoe belangrik dit is om daarvan besit te neem!

Die persoonlike verantwoordelikheid is één van die fundamentele kenmerke van God se Koninkryk. In die lig van die sekere en beslissende koms van die laaste oordeel, stel ernstige mense nie meer uit nie, maar neem hulle verantwoordelikheid om in die Koninkryk van God in te gaan.

---

### **5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.**

*Onderrig.* Veral die uitleg of toepassing van die gelykenis van die treknet kom ooreen met die gelykenis van die onkruid tussen die koring. Sowel goeie as slegte mense is met mekaar vermeng in die Koninkryk van God in sy huidige fase. Hulle sal van mekaar geskei word op die laaste oordeelsdag.

---

### **6. Maak 'n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.**

*Bespreek.* Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?

*Aantekeninge.* Die laaste oordeel is onomkeerbaar en onvermydelik! Jesus Christus lê telkens weer die nadruk op die finaliteit van God se uitspraak op die laaste oordeelsdag as dit eenmaal uitgespreek is (Matteus 8:12; 13:4; 13:50; 25:10; 25:30; 25:46; Lukas 17:26-37). Daarom spoor Hy orals mense aan om hulle te bekeer (Matteus 4:17; 9:13) en vermaan Hy hulle om voortdurend wakker te bly (Matteus 25:13). Tegelyk stem dit ooreen met die simpatieke houding van Jesus Christus teenoor alle soorte mense (Matteus 9:35-38; 11:28-30; 14:13-18; 15:32; 23:37).